Palms: Die palms kom weer Woensdag om 10uur bymekaar om lekker te kuier. Ds Braam gaan hulle vermaak met 'n "verrassende" geselsie. Ons nooi almal om die oggend lekker saam met ons te geniet.

Egipte-reis saam met Geopende Deure.
Geopende Deure het hul keuring proses voltooi. Almal van ons wat vorms ingestuur het is deel van die groep. Laurie van Zyl, Ané Meyer, Dirk en Veronica van der Wateren. Ons is almal baie opgewonde! Ons sien uit daarna om mense van die vervolgde kerk te ontmoet in Sept. Hierdie komende week betaal elkeen R7991 in vir vliegkaartjies. Die R3000 wat ons ingesamel het help beslis. Dankie vir elkeen wat bygedra het. Indien jy nog verder kan of wil help kontak ons asb. 0842472321. Groete.

HARTKLOP:
Ons is besig om te werk aan die uitbreiding van die "Hartklop". Tans word dit as 'n enkele blaadjie uitgegee aan die begin van elke kwartaal, net met inligting oor vaste sake op die program. Ons wil dit graag uitbrei om 'n volledige kwartaalblad te wees, met rubrieke soos Oordenking, Bybelleesrooster, Humor, Nuwe intrekkers, Artikels deur lidmate, Briewe, vir die Laerskooljeug, vir die Hoërskooljeug, Blokraaisels, Resepte en nog baie ander. Ons benodig subredakteurs, 'n redakteur/-trise, grafiese ontwerpers, kortom, almal wat belang stel in deelname aan hierdie blad! Kontak Braam (0824595636) of Sarel (0829201601) of Gusta (0833832605) vir meer inligting. Ons hou vergadering op 5 Junie 10:00 (Saterdag) en belangstellendes kan dan ook kom insit en raad gee!

23 Mei is Pinkstersangdiens. Almal word genooi om dit by te woon. Asgevolg daarvan sal daar geen jeugdiens wees nie en die katkisasie-klasse sal om 5:30 wees.

BANKBESONDERHEDE VIR BYDRAES
Alle bydraes kan in die onderstaande rekening inbetaal word. **Merk duidelik by besonderhede u volle naam en doel**. Daar is baie lidmate met dieselfde voorletters en van. **Volle name asb**. Lidmate word aangemoedig om van die aftrekorder-sisteem gebruik te maak. U bydrae word dan outomaties op die 1ste van elke maand van u rekening verhaal.

Gereformeerde Kerk Benoni
Absa Bank
Tjek nr. 220340 333

Verjaarsdae Baie geluk aan almal wat in die komende week verjaar.

16 Mei Elmien Coetzee 0832820938
*17 Mei Bert van Krieken 0825144681
17 Mei Gerrit van Niekerk 0724259115
18 Mei Christo Buys 0825548377
18 Mei Hans Grobler 0828970801
19 Mei Zandalee van Zyl 011 425 3169
20 Mei Karen Doubell 011 421 9847
20 Mei Rina van den Berg 0731945568
*21 Mei Peet Duvenage 0826614700
22 Mei Peet Bezuidenhout 0828907095
22 Mei Ilze du Plessis 0827720691

Op die Program:
Maandag:
Bybelstudie Rynpark 9:30
Rondom die kerk 19:00
Depressie ondersteuning 19:00
Dinsdag:
Bybelstudie 18:30
Bybelstudie 19:30
Woensdag:
Palms 10:00
Donderdag:
Afhanklikheidsondersteuningsgroep
Gebedsgroep 19:30
Hoërskooljeug 19:00
Vrydag:
Gebedsgroep 5:30
Bybelstudie 8:30
Kidsgames 17:30

NOG 31 DAE TOT BY ONS "FOUNTAINS CYCLE RACE"!!!
Die reëlings vir die fietsresies, wat ons op 16 Junie vir die 9de keer aanbied, is in volle gang. Die hoofdoel is om koinonia in die gemeente te bevorder. Dit skep geleenthede vir elke lidmaat om op een of ander manier betrokke te raak, wat ookal jou gawe of belangstelling is.
GIEL DE BRUYN (0828883219) kan jou gebruik as beampte op die pad om die verkeer te reël vir die veiligheid van die fietsryers. **JAAP SMIT (0828035728)** soek nog hulp om die 1,000 (?) fietsryers op die terrein te beheer. As jy liewer in die kostent wil help is VALDA GOUWS (0829609688) die kontak persoon.
VERONICA VAN DER WATEREN (0842472321) wag vir jou oproep om met die inskrywings te help.
Vir enige ander inligting i.v.m. die fietsren, kontak vir **WALTER BUMA (0824492850).**
MOENIE LANGER UITSTEL NIE . SKAKEL VANDAG NOG!!!
Ons benodig dringend nog 12 beamptes en 6 bestuurders van "sweep vihicles" kontak asb. vir Giel. Nog 8 persone om op die terrein te help, kontak asb. vir Jaap, asook 6 persone om met die inskrywings te help kontak Veronica en 15 mense vir die kostent. Kontak asb. vir Walda.

Baie dankie
Sr Moira Kloppers het gevra om onthef te word van haar pligte as bladuitlêer van die Polsslag. Haar werksomstandighede en ander kerklike verpligtinge noodsaak dit. Ons sê aan haar baie dankie vir die voortreflike werk wat sy gedoen het. Dit beteken ook dat ons iemand anders soek om die taak oor te neem.
Kontak asseblief vir Braam (0824595636) of een van die administratiewe beamptes as jy kan en wil help.

DAG VAN PROTES TEEN MISDAAD Die Solidariteit-beweging bied Woensdag 19 Mei 'n nasionale dag van protes teen misdaad aan en beplan om op dié dag 'n Suid-Afrikaanse rekord op te stel vir die meeste protesmemorandums op een dag. Sowat 300 teenmisdaadmemorandums gaan op die dag aan polisiestasies dwarsoor Suid-Afrika oorhandig word. Talle gemeen-skappe gaan protesaksies reël. Neem deel! Ons kom op 19 Mei om 12:00 by die McDonalds/Checkers/Hyperama winkelsentrum op die hoek van Rondebult en Leeupoortstraat bymekaar en sal vandaar in groepe na al die omliggende polisiestasies vertrek om memorandums te oorhandig. Indien jy nie die dag verlof kan insit nie, reël vir 'n verlengde middagete en kom saam na 'n polisiestasie! Almal word versoek om op 19 Mei ROOI te dra. Daarmee sê ons: Ons is moeg vir bloedvergieting!
Vakbondgroete

PREDIKANTE SE VERANT-WOORDELIKHEDE T.O.V BEDIENING
dr. Sarel en dr. Braam het nou 'n onderlinge reëling getref oor hul voortgesette verantwoordelikhede rondom bediening in die gemeente, wat dan behels dat dr. Braam die besoekpunte bedien waarvan die gesinshoof ouer as ± 50 is, en dr. Sarel die besoekpunte waarvan die gesinshoof jonger as ± 50 jaar is (die presiese middelpunt van verdeling sal nog statisties geverifieer word sodat albei predikante se bedieningspunte min of meer gelyk verdeel is). Die nuwe bedieningspatroon kom in effek op 1 Junie. Indien daar enige navrae is, skakel gerus met een van die predikante. Die reëling kom D.V. op 1 Junie in werking. Indien enige navrae, kontak gerus een van die predikante.

Notas Oggenddiens 9:00	Notas Eietydsediens 17:00	Notas Aanddiens 18:30
Skriflesing: Psalm 51:1-12 en Lukas 18:15-17 **Teks:** Psalm 51:7 en Lukas 18:17 **Tema:** Snap die evangelie!		**Skriflesing:** 1 Joh 1: 1 – 2: 6; 1 Joh 5: 13 **Teks:** 1 Joh 1: 3 **Tema:** Lewe saam met God!

Dopper Jeug

VEELS GELUK!
Baie geluk aan al ons maats wat in hierdie week verjaar. Mag God julle in die nuwe jaar seën en bewaar.

17 Mei Craig Leach 011 894 3448
18 Mei Antone Harmse
18 Mei Divan Yssel 011 849 5940
19 Mei Zandalee van Zyl 011 425 3169
20 Mei Dionne Bloem
22 Mei Jaco Smit 011 425 3424

Meelprojek:
Die Jeug kort nog 498 pakkies meel – of die geld daarvoor. Kom ons ondersteun hulle. Die datum vir die uitgee daarvan is op hande.
Beplanning is om 22 Mei te gaan uitdeel

WEEKPROGRAM
Maandag: Bandoefening 7:00
Don/dag: Hoërskooljeug bybelstudie
Vrydag: Kidzgames 17:30

Jeugband:
Die "band" is op soek na mense wat kan voorgaan in die sang tydens die jeugdienste, veral manlike stemme. Kontak Herman (herman@gkbenoni.co.za) As daar mense is wat instumente wil bespeel is hulle ook welkom

POLSSLAG

16 Mei 2010

Gereformeerde Kerk Benoni
Miles Sharpstraat 24b
Rynfield, Benoni
www.gkbenoni.co.za
polsslag@gkbenoni.co.za

Welkom:
Harlik welkom aan al die gaste en Besoekers, wat vandag se erediens bywoon. Indien u 'n nuwe intrekker is, meld asb.by een van die predikante, Braam Krüger of Sarel v.d.Walt aan, of kontak vir Ina Bolt (084 993 1136) of Gusta Botes (083 383 2605)

Dienstye:
Oggenddiens: 09:00
Eietydsediens: 17:00
Aanddiens: 18:30
Diensbeurte:
Hierdie week: wyke 11,12,13,14.
Volgende week: wyke 15,17,18,19

Heilige Nagmaal
Ons vier vandag tydens die oggend- en aanddiens die sakrament van die Heilige Nagmaal. Mag dit vir elkeen 'n besondere en geloofsversterkende gebeurtenis wees

Doop
Byvoorbaat geluk aan Willem en Yolandi Snyman wat vanoggend hulle seuntjie, Lian, laat doop. Ons verwelkom ook baie van hulle familie en vriende in die erediens vanoggend en ons bid dat dit vir julle almal 'n mooi dag sal wees.

VERKIES TOT OUDERLING
Ter approbasie verkies as ouderling: Dirk van der Wateren, Frans Muller en Jan de Vries. Ons wens hierdie broeders baie sterkte toe by die oorweging van die roeping.

Attestaat ontvang
Ontvang vanaf Cachet Renier Sterkenburg

Nagmaalete Almal word genooi na die nagmaalete, al het jy nie laat weet nie. Op die spyskaart is: Voorgereg sop en broodjies; hoofgereg bobotie en geelrys; nagereg sjokoladekoek en koffie. Bring eie drinkgoed, eetgerei en stoele, vanaf 12uur

Kollekte:
Die kollekte in die banke is vir die diens van barmhartigheid. Vandag se kollektes gaan by die deure vir Trans Oranje Instituut en volgende week vir Kerkkas. Verlede week se kollektes was DVB. R4855 en Emeritaatsversorging R1773

Lief en Leed.
Ons bid die volgende lidmate sterkte, krag en genade toe.

Johnny Johnson is in die hospital na 'n beroerte aanval.

Geluk **aan Denise le Roux** wat swanger is

Geluk aan Sanet en Chris vanKrieken met hul dogtertjie Lente wat donderdag gebore is.

Jan van Jaarsveld (078 743 1232) het 'n terugslag gehad tydens sy ondersoeke die afgelope Maandag en is opgeneem in die ICU van Unitas-Hospitaal in Centurion maar later in die week oorgeskuif na 'n gewone saal. Hy het Woensdag ook die slegte nuus ontvang dat hy longkanker het. Ons bid vir hom en Alta dat God hulle in sy groot genade sal dra en versterk.

Kleingroepopleiding: Daar sal geen kleingroep opleiding vanoggend weees nie

Dr. Braam Krüger – 011 849 9253 – 082 459 5636 braam@gkbenoni.co.za
Dr Sarel v.d. Walt – 082 920 1601 – sarel@gkbenoni.co.za
Herman Kloppers – 073 408 2226 – herman@gkbenoni.co.za